Laerskool Bloemfontein

Goeie waardes maak ons 'n Wenskool.

Webblad: lsbfn.com Besoek ons op facebook: Laerskool Bloemfontein

NUUSBRIEF 10 **2020/03/13**

ONS IS N WAARDE GEDREWE SKOOL

Uit die kantoor

Beste Ouers,

Met die laaste nuusbrief vir die kwartaal is dit vir my lekker om elke personeellid, kind en ouer te bedank wat tydens hierdie kwartaal by die skool betrokke was. Baie dankie vir u lojaliteit teenoor die skool. Dankie dat u die skool se belange op die hart dra.

Dankie aan elke ouer wat bereid is om te kom help met ons toernooi. Dankie aan die ouerkomitee vir al jul reëlings en die verkryging van borge om ons kostes laag te hou.

Dankie aan al die kinders wat die kwartaal hard gewerk het en altyd hul beste gelewer het.

Dankie aan elke kind wat hom/haar tydens hierdie kwartaal in die klaskamer en op die sportgronde gedra het en ons skool se waardes uitgeleef het.

Dankie aan elke personeellid vir julle harde werk en vir die insette deur die kwartaal. Dankie dat julle ten spyte van moeilike omstandighede altyd jul beste vir die skool en die leerders doen.

Dankie aan die adminpersoneel en die terreinwerkers vir julle bydrae om van ons skool dié skool in Bloemfontein te maak!

Gaan geniet die kort vakansie, spandeer tyd saam met u geliefdes en kom fris en vars terug sodat ons die tweede kwartaal volstoom kan aanpak.

Groete
Gerdus.

Bloemies Bit

HOE VOEL JY VANDAG??

Daar kom dae waar ons elkeen 'n beurt kry om olik te voel, maar nie noodwendig siek is nie. Eerder mismoedig voel of hartseer en terneergedruk, half depressief, teleurgesteld of gekwes.

Daar is 'n boek genaamd ONSTUITBAAR deur Nick Vujicic. Die buitebladfoto word deur Nick-self beslaan, waar hy sonder ledemate op 'n branderplank in die see sit. Dit is 'n inspirerende verhaal van humor, geloof en passie. Dit is allermins depressief.

Nick se organisasie heet LIFE WITHOUT LIMBS. Hy is tans een van die bekendste en gewildste motiveringsprekers en besoek jaarliks verskillende lande regoor die wêreld. Hy fokus op die belofte dat hy met 'n unieke en spesifieke doel geskape is. Hy verduidelik hoe mens persoonlike krisisse kan hanteer.

Die lewe is vol uitdagings, moenie dat dit jou stuit nie. Moenie gaan lê na 'n uitdaging jou platgeslaan het nie; bly aan die beweeg, soek oplossings, vra God se hulp. Moeilike tye is onvermydelik. Onaangename gevoelens kan negatiewe denke skep, asook selftwyfel en angs. Staan sterk, aanvaar die werklikheid, raak produktief en probeer ontstellende gedagtes beheer.

Sit 'n huppel in jou stap, want ongeag jou omstandighede is daar altyd iets om voor dankbaar te wees. Herinner jouself aan die goeie dinge in die lewe. Dink aan al jou waardes. Lag weer 'n slag (kliphard uit jou bors). Ontspan. Dink aan iets of iemand wat jou inspireer. Doen iets wat jou hart bly maak en wees dankbaar vir alles wat jy het, want dit kan in 'n oogwink verander.

Jesaja 40:31

Maar hulle wat op die Here vertrou, kry altyd weer krag. Hulle word soos 'n arend wat vlieg. Hulle hardloop en word nooit moeg nie. Hulle loop en raak nooit uitgeput nie.

Indien daar enige gebedsversoeke is, stuur gerus 'n sms of whatsapp na 064 602 9227.

OUERKOMITEE

T.E.A.M.

Together Everyone Achieve More

DOEL VAN OUERKOMITEE

Fondsinsamelings regdeur die jaar ten bate van die skool om verbeterings aan te bring waar ookal dit nodig gevind word, sodat ons beter fasiliteite en geleenthede vir ons kinders kan bied.

MAART

VERJAARDAGWENSE

Aan personeellede, ouers en leerders.

Hartlik geluk met die herdenking van jul geboortedag hierdie week. Alles wat mooi, goed en geseënd is vir julle nuwe lewensjaar. Geniet dit en gaan groot!

LIEF EN LEED

Tannie Sonkies is in die hospitaal. Die dokter het tien galstene verwyder. Ons hoop tannie voel nou sommer stukke beter!!

DAGBOEK AANTEKENING

30 JULIE 2020

MANNE-AAND, met Wicus van der Merwe aanboord, kaartjies is binnekort beskikbaar vir die wat belangstel om tafels te koop @ R350 per persoon.

28 Augustus: Gholfdag

Rugby- en Netbaltoernooi

18,19,20 MAART 2020

Is daar ouers wat ons behulpsaam kan wees met BORGE vir die TOERNOOI asb??

Die toernooi word jaarliks aangebied en dit is ons skool se grootste fondsinsamelingsprojek. Daar word gemik vir ongeveer 800 leerders. Pakkies gaan opgemaak word vir elkeen en daarin kan letterlik enigiets geplaas word, soos byvoorbeeld: waterbottels, pette, klein sjokoladetjies, skryfbehoeftes, energiestafies, lekkergoed, "stickers", "lipice," "starterpacks", ballonne, magnete ens.

Elke leerder het gister 'n bedelbriefie gekry waarop ons vra vir bestanddele by elke leerder. Indien u nie die briefie gekry het nie gee ek weer die lysie. Help asseblief!!

Items wat ons benodig is die volgende:

- bokspap, suiker, boksmelk.
- bacon, worsies, eiers, olie
- muffin mix, botter, konfyt, klein jogurtjies en kaas.
- klein sappies, koffie, tee
- rys, mayonnaise, tamatiesous, mostert, chutney.
- ham, blaarslaai en uie
- blikkies of botteltjies koeldrank.
- koekmeel

Indien u enige ander skenkings het, kan u die artikels na juffrou Carin Jordaan stuur. Donasies is ook meer as welkom. Indien u 'n brief benodig insake borge, kontak juf. Carin direk by 084 441 7615.

BAIE DANKIE VIR DIE SKENKINGS SO VER. ONS WAARDEER DIT OPREG!!

KORT WEGBREEK

Leerders, dankie vir die hard leer en die mooi dink wanneer julle skryf aan die toetsreeks wat tel as 'n eksamen. Geniet die vinnige blaaskans en kom uitgerus terug skooltoe vir die bedrywige 2de kwartaal wat voorlê.

Skool sluit op Vrydag, 20 Maart en heropen op Dinsdag, 31 Maart 2020.

Geen middagstudie op 20 Maart nie.

GEDAGTE VAN DIE WEEK

As jy 'n nuwe begin wil maak, is dit nou die regte tyd. Al wat God van jou vra is geloof, 'n hart vol liefde en nederigheid. Moenie probeer om op jou eie krag staat te maak nie. Vra God om jou te lei in elke besluit wat jy neem.

respek eerlikheid loialiteit uitnemendheid

STUDIE OUERS

Sommige ouers het nog nie hulle vorms vir 2020 ingestuur nie. Vorms is by tannie Annatjie beskikbaar. Voltooi dringend en stuur in.

Studiegelde moet asseblief tot op datum betaal word. Studiegeld is R250 per maand per kind vir 11 maande.

BUSGELD

Busgeld moet vooruitbetaal word vir die maand wat volg. Busgeld word nie by buskondukteurs betaal nie.

BUSGELD IS R430 PER MAAND VIR 11 MAANDE

Daar is nie beurse vir busgeld nie, vereffen asb. u rekening voor of op die 7de van elke maand.

U kind gaan nie opgelaai word indien daar agterstallige busgelde verskuldig is nie.

SKOOLFONDS

Baie dankie

aan al ons ouers wat gereeld hulle skoolfonds kom betaal!! Moet asb. nie agter raak nie, dit is vir ons sleg om ons ouers aan die skuldinvorderaars te oorhandig.

ATLETIEK

Die volgende atlete gaan op 14 Maart aan die Atletiek Kampioenskappe deelneem.

Shulene Coenraad 1 200 m
Mia-Leigh Engelbrecht Hoogspring
Leah Maarman Hoogspring, 100m en verspring
Karla Heydenrich 1 500m stap
Nikita Ferreira 1 500m stap
Danyel Osch Hoogspring
Faghan Elias Hoogspring
Jarryd Lubbe Gewigstoot

Baie sterkte!!!

Abigail Adams gaan aan die SA LSEN-Atletiek deelneem. Ons hou styf duimvas!!

BAIE BELANGRIK

Indien u u kind laat by die skool kom aflaai moet u asseblief u kind self by die kantoor kom inteken.

By Lee-Ann is daar 'n boek waarin u u kind se naam en van, u telefoonnommer en die rede moet skryf hoekom u kind laat is. (Verslaap is nie 'n rede nie.) Hierdie inligting word op 'n maandelikse basis aan die department deurgegee.

VCSV

Teksvers van die maand
Psalm 121:1

Ek slaan my oë op na die berge. Waar sal my hulp vandaan kom? My hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het.

VOORTREKKERS

Jagkaartjies beskikbaar by juf. Stephnie. Kaartjies kos R30 per kaartjie of R150 per boekie. Gelukstrekkings vind in Mei plaas. Een tot drie blesbokke kan gewen word.

RUGBY

Ons 0/9A-Rugbyspan het verlede naweek drie wedstryde gespeel tydens die rugbytoernooi by Brandfort. Hierdie manne kook!! Hulle wen al drie die wedstryde.
Hulle tellings lyk as volg:

Trompsburg	45 - 0
Brandfort	21 - 7
Pres Steyn	52 - 0

Julle is ysters!! Mooi so manne!!

Ons "ou-manne", die 0/13A-span het ook in Brandfort gaan speel. Hulle het ook hulle wedstryd met 66-5 gewen. Bakgat manne!!

Dankie aan die personeel, ouers en seuns wat ons skool se naam so mooi gaan uitdra het.

Grapkas

Man vra sy vrou: "Wat sal jy doen as ek die Lotto wen?" Vrou: "Ek sal die helfte vat, jou net so los en teruggaan na my ma."
Man: "Net wat ek wil hoor, ek het R12 by die Lotto gewen, hier is jou R6 en sê groete vir jou ma!"

GEWONEKLEREDAG
DINSDAG: 17 MAART
KOSTE: R5

(Betaal by jou registeronderwyser)

ELKE LEERDER WAT BETAAL KRY 'N VERRASSING!!

LEERDERRAAD SE GEDAGTE

Wees tevrede

In plaas daarvan om geluk op allerhande plekke te gaan soek moet ons vaardigheid daarin lê om geluk te vind waar ons is.

DANCE DOMINATIONS

Dansklasse by Laerskool Bloemfontein op Donderdae 13:45 in skoolsaal.
Kom probeer gerus een of twee klasse.
Verskeidenheid klasse beskikbaar by studio te
Lorrainestraat 52, Bayswater.
Kontak Senicia 082 300 2296
Bel/WhatsApp
E-pos: seniciabrey@gmail.com
Facebook: dancedominationseniciadutoit

VCSV
AVONTUURKAMP

Waar: Retiefkampterrein
Wie: Gr. 4 – 7
Datum: 20 - 23 Maart
Koste: R640
Sluitingsdatum: 13 Maart 2020
Inskrywingsvorm met geld na Juf. Klopper asb.

Kennisgewings

Donderdag, 12 Maart
Toetsreeks vir gr. 4 - 7 leerders
Skool kom 12:30 uit vir Gr. 1 – 7
Aandliga Rugby 0/11 by Willem Postma Skaak sluit af vir kwartaal een.

Vrydag, 13 Maart
Skool kom 12:30 uit vir Gr. 1 – 7
Mini-Netbal Toernooi by Laerskool Bloemfontein vir 0/7A, 0/7B, 0/8A, 0/8B, 0/8C, 0/9A, 0/9B en 0/9C.
Netbalspelers het briewe ontvang.

Saterdag, 14 Maart
Vrystaat Atletiek Kampioenskappe – Bloemfontein

Maandag, 16 Maart
Gewone skooldag – vraestelle word behandel.
Skool kom 12:30 uit vir Gr. 1 – 7

Dinsdag, 17 Maart
Gewone skooldag – vraestelle word behandel.
Skool kom 12:30 uit vir Gr. 1 – 7

Woensdag, 18 Maart
Mnr. Marx verjaar!!
Toernooi begin. Indien u kind nie aan die toernooi deelneem nie, is daar toesig vir hulle.
Skool kom 12:30 uit vir Gr. 1 – 7
LET WEL: Leerders wat aan die toernooi deelneem is verplig om skooltoe te kom. Hierdie leerders het briewe ontvang.

Donderdag, 19 Maart
LET WEL: Leerders wat aan die toernooi deelneem is verplig om skooltoe te kom. Hierdie leerders het briewe ontvang.

Vrydag, 20 Maart
Skool sluit 10:00.
LET WEL: Leerders wat aan die toernooi deelneem is verplig om skooltoe te kom.
Die toernooi eindig 12:00.
Hierdie leerders is vir eie vervoer verantwoordelik, omdat die busse reeds 10:00 vertrek.